durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

1 Desember 2019

**1 Desember 2019, DOOP**
**Biddag Wêreldvigsdag**
**1STE ADVENT**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Helpmekaar Studiefonds**

19:00 **KERSSANGDIENS**
*Ds. Mizelle Prinsloo*
**TEMA: VLERKE**



**KOEKIES VIR KERSFEES**
Help ons om koekies te bak of koop maar 'n boksie as jy nie kan bak nie. Bring dit saam na dienste / kerkkantoor, nie later as 1 Des. se Kerssangdiens. Ons verpak dit op 3 Des. Enigiemand kan kom help verpak. Ons mik om so 1200 pakkies uit te deel aan eensames oor die feesgety. Navrae: Kerkkantoor

**8 Desember 2019,**
**2de ADVENT**

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*

**Deuroffer: Msinga**

## NUUS:

1 Des: Doop, ADVENT,
Biddag Wêreldvigsdag
Kerssangdiens

4 Des: Skole sluit
8 Des: 2de ADVENT
10 Des: Doopkategese




ADVENT beteken letterlik 'koms'.

Ons leef opnuut in VERWONDERING oor die menswording van Christus.

Ons berei ons voor om die Verlosser in ons lewens te verwelkom met vreugde en afwagting. Dit is dus 'n voorbereidingstyd en herinnering aan Christus se eerste koms, MAAR ook om geduldig te wag vir die Here se wederkoms.

Ons gebruik simbole en doendinge om die betekenis van WAG tuis te bring:

Adventkrans
Adventkalender
Kersboom
Kersliedere
Stilte

Ons steek elke Sondag voor Kersfees 'n kers aan as deel van ons Adventkrans en op Kersdag die middelste Christus-kers.

Ons tel die dae voor Kersfees af met die Advent kalender. Onthou om vir die kinders te verduidelik hoekom.

Die kersboom help ons met die gedagte van voorbereiding. Terwyl STILTE en Kersliedere ons instel vir die Kersdag.

Tyd vir vreugde en samesyn.



# Vanuit die Uitreikkantoor …

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

**Welgegund Plaasdienste:  Kersdiens 8 Des 2019**

Elke jaar is daar 'n Kersafsluitingsgeleentheid by Welgegund plaas. Hierdie jaar is dit Sondagoggend, 8 Desember 2019  om 09:00.  Daar word kersliedere gesing, die Sondagskool kinders tree op en daar word ook 'n Kersboodskap gebring.  Daarna kuier die lidmate, kinders en besoekers almal gesellig saam.

Ons wil soos in die verlede vir die Sondagskool seuns, dogters en ook die ander kinders op die plaas  bederf met 'n  spesiale verrassingspakkie. U kan hierdie uitreik ondersteun deur 'n finansiele bydrae te maak en dit in te betaal by die Kerkkantoor en dit te merk "Welgegund Kersdiens" voor of op 2  Desember 2019.

As u die Kersdiens wil bywoon op 8 Desember 2019 om 09:00 is u baie welkom om dit te doen. Dit is 'n geleentheid om uit te reik na die VGK lidmate op die plaas en dit is vir almal op die plaas 'n hoogtepunt in die jaar. Vir enige verdere navrae kontak vir Peter Montgomery by 084 299 6697.



# SPES BONA NUUS

## Kersete

Vir die afgelope twee jaar hou ons 'n gemeenskaplike ete by Spes Bona. Ons hou dit hierdie jaar op 8 Desember. Ons sal dit waardeer indien iemand kan help; ons het nog drie skaapboude nodig.  Ons wil ook graag so twintig geskenke uitdeel en sal enige bederf pakkies mans of vrouens baie waardeer.

Ons wil graag ook Bybelse "30 Seconds" speletjie speel met pryse in die vorm van hampers en het dus so 4 tot 6 hampers ook nodig.

As die Here dit op jou hart lê om ons hiermee te help sal ek dit waardeer as enige skenkings by die kerk afgelewer kan word teen Donderdag 5 Desember op die laatste. Onthou asb om die pakkies duidelik te merk vir Spes Bona asb!  Enige kontant skenkings of inbetalings is ook welkom met verwysing Spes Bona asb!

Dankie dat ek kan vra.
Nelda Rousseau
083 235 1400



# ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*

**Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)**

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R519 647 |
| BENODIG | R230 352 |

**Kontant/ Koevert/ EFT / Debietorder / Zapper  / Snapscan**

**Algemene Sinode 2019**
**Selfdegeslagverhoudinge**

Tydens die Kerkraadsvergadering van 18 November 2019  is besluit dat die Kerkraad, in samewerking met Leer en Aktuele Sake, 'n proses gaan volg om die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge  te hanteer en dat ons die gemeente ingelig sal hou.

Die Kerkraad se besluit van 2015/2016 is steeds van krag en is op ons webruimte beskikbaar: www.bergsigdv.co.za - kyk by die skakel Algemeen en klik op Aktuele Sake.

**Peter Montgomery**
**Kerkraadsvoorsitter**
**Durbanville Bergsig**

ALTAMARK
5-14 Desember 2019

## Alta du Toit Mark

**5-14 Desember 2019**

**Ma-Vry:** 10.00-18.00
**Sat:** 9.00-15.00

- Verskeidenheid van stalletjies
- Restaurant
- Wegneemetes

Kom doen jou kersinkopies by ons en maak 'n verskil

**Alle fondse gaan vir Alta du Toit**
**Nasorgsentrum:** 80 Lincoln straat, Boston
Tel: 021 913 2106

**ALGEMEEN:**
Die Uitreike koördineerder is met verlof vanaf 28 Nov. 2019 tot 20 Januarie 2020.

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

**GRAANENDAL**
GEMEENTE



Die Koffie Fellowship, die eerste bedieningspunt van Graanendal Gemeente, is nou goed gevestig in identiteit en karakter. Die fokus is nog steeds om persone wat ongemaklik voel in 'n tradisionele kerk by hierdie bedieningspunt in te trek. Ons kom by "Die Koffieman" in Kerkstraat bymekaar op die eerste en derde Maandagaand van elke maand. Ons het tans 45 mense wat deel is van die Koffie Fellowship, met 'n gemiddelde bywoning van 20 mense per geleentheid. Ons is tans besig met die reeks "Ek behoort aan die kerk" en is opgewonde om te sien hoe hierdie reeks tot die Fellowship lede se verbintenis tot ons kerkplant bydra.

**Graanendal Gemeente Handelsmerk**

Ons het ook met behulp van Fresh Designs gedurende die eerste kwartaal 'n logo en handelsmerk ontwikkel vir Graanendal. Hierdie help ons om 'n visuele identifikasie by die bediening te plaas. Ons het ook "teardrop banners" en 'n gazebo laat maak wat ons tydens ons gemeenskap geleenthede kan gebruik. Ons webwerf is ook opgedateer met die nuwe handelsmerk en kan gerus besoek word by www.mygraanendal.co.za of www.graanendalgemeente.co.za. Ons is dankbaar vir die groei van ons Facebook blad wat tans op 129 likes staan. Ons het ook geregistreer om die webgebaseerde stelsel, "Church Track", te gebruik as lidmaat register en om finansiële boekhouding te doen.

**Gemeenskap Bewusmaking**

Die Graanendal loodsspan het tydens die eerste kwartaal twee "Urban Run" geleenthede aangebied om kontak met inwoners van die Graanendal gemeenskap te maak. Die eerste "Urban Run" was op Sondag 17 Februarie 2019 en is deur 37 mense bygewoon. Die tweede Urban Run was 15 Maart in die vorm van 'n "Night Run" en is deur 35 mense bygewoon. Hierdie was twee wonderlike geleenthede wat 'n groot impak gehad het op die bewusmaking van die gemeente.



Ons het ook tydens die jaarlikse Durbanville plaasfees in Maart 'n stalletjie beman. Heelwat mense, waaronder sommige wat al bewus geraak het van Graanendal op Facebook, het kom navraag doen. Dit was vir ons baie lekker om tydens hierdie ontmoetings met mense die droom van die Graanendal Kerkplant te deel.

**Ontwikkeling van leierskap en volhoubaarheid**

Na twee jaar is twee egpare van die Koffie Fellowship ook nou deel van die Loodsspan van Graanendal. Dit is vir ons 'n belangrike mylpaal in lidmaat bemagtiging. Die kapasiteit van die span is besig om te groei en nuwe gawes word tot die gemeente toegevoeg.

Arno Mattheus, die Loodsspan Leier maar ook senior jeugbedienaar by Bergsig, se KPA's is aangepas deur die Kerkraad van Bergsig om 25% van sy tyd te spandeer aan die groei en leierskap van die Koffie Fellowship/Graanendal.

Die bediening het ook 'n eie bankrekening oopgemaak (gekoppel aan Bergsig) en van die Fellowship lede het al begin om maandelikse dankoffer te betaal. So begin die lidmate ook finansiële verantwoordelikheid neem vir die bediening wat volhoubaarheid ten doel het. (Rekening besonderhede: Graanendal Gemeente. ABSA. Spaar 9350439805).

**Spasie beperking**

As gevolg van die groei van die Koffie Fellowship se getalle het ons lokaal by "Die Koffieman" in Kerkstraat te klein geraak. Ons oorweeg dus om 'n ander lokaal te probeer bekom en oorweeg ook om dit na 4 geleenthede per maand te verhoog. Ons oorweeg ook om die tweede been van ons bediening, naamlik Sondag byeenkomste, moontlik reeds in die tweede helfte van 2020 te begin. Ons het egter nie tans 'n lokaal daarvoor nie en bid en soek na 'n nuwe geleentheid hiervoor.

**Beplanning vir 2020**

- Verkryging van 'n ander lokaal vir die Koffie Fellowship geleenthede.
- Vermeerder Koffie Fellowship geleenthede na 4 per maand.
- Die verkryging van 'n lokaal en die loods van Sondag byeenkomste (om 09:00) in die tweede helfte van 2020 so naby as moontlik aan die Graanendal grond. Verdere onderhandelinge met twee moontlike vennote vir die oprig van 'n multifunksionele bedieningsruimte op Graanendal se grond.
- Verdere geestelike verdieping by die Koffie Fellowship en groei van getalle.
- Beplanning van "community events" gedurende volgende jaar.

# GLOW-KIDS, TREK SOOS 'N LIGGIE AAN VIR KERSSANGDIENS!!!



glow KIDZ

Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

### HOE MAAK EK NOU?

Vir registrasie van leiers vir 2020:
http://bit.do/glowkidzleiers

Vir registrasie van kinders vir 2020:
http://bit.do/glowkidz

Skakel na alle glowkidz videos:
http://bit.do/glowkidzvideos

## KERKRAAD:

Op die kerkraadsvergadering van 18 November 2019 is André van Wyngaardt verkies as kerkraadslid.



MIZELLE PRINSLOO

KONTAK

**HOU JY VAN KOS MAAK EN SAAM KUIER? KOM HELP ONS MET DIE JAFFELS BY DIE 2020 PLAASFEES!**

SCHOONGEZICHT
— Kampterrein —

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres

Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020

Navrae: Jolene Schoeman
**083 444 3550**
**jolene@inboxme.biz**

Gewone karre kan maklik tot by kampterrein ry.
Jy hoef nie te 4x4 nie! Net die wat wil kan.